

**ASPEKTE VAN FISHER SE NARRATIEWE TEORIE AS VERTREKpunt  
VIR 'N RETORIESE KRITIEKBENADERING TOT DIE DE LA REY-LIRIEK?**

Communitas

ISSN 1023-0556

2007 12: 93 - 113

**Lydie Terblanche en F.H. Terblanche\***

---

**ABSTRACT**

*In this discussion, it is pointed out that Bok van Blerk's song, De la Rey has had an unusual impact on a large number of South Africans. It unleashed a fierce debate in the media in which interested parties offered divergent explanations in sometimes reasonable and sometimes malicious ways for the reasons why De la Rey grabbed and fascinated people. Against the background of the turbulence in the De la Rey debate, one may ask, from the perspective of the science of persuasive communication, about the reasons that contribute to the fact that the De la Rey lyric has such an enormous power of persuasion. Seeing that Fisher (1987) has addressed the role of both logical reason and value-laden good reasons in his narrative paradigm theory, this discussion takes up aspects of his theory as it pertains to the abovementioned question. Attention will be paid to the ontological, epistemological and axiological presuppositions of the theory. Relevant basic, structural and evaluative concepts are explained. Although the theory is useful in various ways in the relevant field, it is especially the criteria for narrative rationality, i.e. the requirements that holds for narrative probability and narrative fidelity, that arguably can be used as a starting point for a rhetorical-critical approach to rhetorical acts in the lyric of De la Rey.*

---

\* Lydie Terblanche doseer deelyds in die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Professor Terry Terblanche is 'n navorsingsgenoot in die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein.

## INLEIDING EN MOTIVERING

In die jaar 2006 het Bok van Blerk met sy omstrede liedjie oor die Anglo-Boereoorlog-held, De la Rey (Bylaag A), as't ware oornag bekend geword. Op Van Blerk (2007a: 1) se webwerf word die volgende vermeld: "In Februarie 2006 word Bok van Blerk se debuut CD, *Jy praat nog steeds my taal*, in Suid-Afrika vrygestel. In Oktober 2006 herdruk die vervaardigers van Mozi Records dit as *De La Rey* en sluit die epiese musiekvideo in, gereken deur MK89 as die beste musiekvideo nog ontvang. Tans is die CD #3 op kykNET se program *DKNT*, en het op 2 November 2006 goue status bereik."

Intussen het dit op meer as een vlak duidelik geword dat *De la Rey* hoegenaamd nie maar net nog 'ntoevoeging tot die reeds bestaande lys Afrikaanse liedjies is nie. Byvoorbeeld: "*Mozi Records* (Sean Else en Johan Vorster) kondig met trots aan dat Bok van Blerk se debuutalbum so pas 5 keer goud bereik het" (Van Blerk 2007b: 1). Op 'n ander vlak weer, blyk dit dat die liedjie al talle mense vasgevang, "geabsorbeer" en beduidend beïnvloed het. Hiervan getuig byvoorbeeld die buitengewoon groot getal meningsvormers en belanghebbendes wat in die massamedia aan die *De la Rey*-debat deelgeneem het.

In genoemde debat het vrae soos die volgende herhaaldelik aan die orde gekom: hoekom is die liedjie so gewild; om watter redes is dit so 'n uitstaande treffer; watter waardes wat daarin vervat is, spreek die luisteraars of toeskouende gehore aan? Hoewel die antwoorde op hierdie soort vrae, op die keper beskou, met minstens twee inmekaarverweefde dimensies van die liedjie verband hou, nl. die "musiekdeel" (toonsetting) en die "woorde-deel" (lirieke), het die klem hoofsaaklik op betekenis en konnotasies rondom die lirieke geval. Laasgenoemde is ook die onderwerp van hierdie bespreking.

Wat die sogenaamde "musiekdeel" van *De la Rey* betref, kan vir die doeleindes van hierdie bespreking volstaan word met 'n verwysing na enkele van die opmerkings wat tydens 'n bespreking op 12 Julie 2007 op die *Volsblad*-kunstefees gemaak is. By hierdie geleentheid het vier bekende kundiges in die musiek- en aanverwante wêreld, nl. Coenie de Villiers, Ian Wessels, André Swiegers en Natie Botes elk 'n sinvolle bydrae tot die *De la Rey*-debat gelewer. Eersgenoemde twee deelnemers het hulle ook eksplisiet oor die musiekaspek uitgelaat. Volgens De Villiers bestaan daar nie 'n resep vir 'n treffer nie, maar vir *De la Rey* was die tyd en die bemarkingsmengsel reg en het dit 'n snaar geraak. Hy meld onder meer ook dat die musiekkant 'n saamsinggedeelte met 'n haak aan die oor ("hook") het. Wessels noem dat die *De la Rey*-musiek 'n gemeenskaplike kenmerk van Afrikaanse treffers vertoon, nl. 'n eenvoudige wysie waarvan minstens die koorgedeelte sonder enige inspanning herroep en saamgesing kan word. Sy mening is dat ons erfenis hoofsaaklik uit die FAK is: eenvoudige deuntjies wat jy kan fluit. Hy voeg by dat hierdie formule ook vir ander bekende treffers soos "Liewe Lulu", "Skarumba", "Pampoer" en "Meisie-meisie" gewerk het.

Wat die lirieke van die *De la Rey* betref, het baie van die deelnemers aan die nuusmedia-debat vanuit die een of ander oortuiging of invalshoek in 'n mindere of

meerdere mate 'n bydrae gelewer tot 'n begrip van die meriete van die liedjie, of die redes waarom dit in so 'n groot mate op die aandag van so baie mense aanspraak maak. Daar is ook diegene wat hulle geroepe gevoel het om die verskriklike gevare van die liedjie op 'n anti-*De la Rey*-wyse te besing. Vanselfsprekend was daar ook 'n handvol deelnemers wat langs moedswillige weë niksseggende en selfs neerhalende uitlatings gemaak het wat hier en daar aan smerigheid grens.

Hoe dit ook al sy, vir die doel van hierdie bespreking is 'n seleksie van naastebly 70 mediaberigte (Bylaag A) uit dié wat vanaf Oktober 2006 tot Julie 2007 verskyn het, oorsigtelik in oënskou geneem. Op grond hiervan word deur middel van enkele sinne, frases of woorde 'n aanduiding gegee van die soort betekenis wat sommige van diegene wat aan die debat deelgeneem het, aan die liedjie toegeskryf het of as redes vir die sukses daarvan beskou het.

- Afrikaanssprekendes is leierloos en is naartogtelik op soek na 'n leier.
- Die Afrikaners voel bedreig en staan nou saam.
- Afrikaner-nasionalisme, post-apartheidspatriotisme en neo-apartheid.
- Dit is veral jong Afrikaanssprekendes wat op soek is na 'n identiteit.
- Daar bestaan 'n verlange na die ou Suid-Afrika, dalk selfs apartheid.
- Opstand-gees/die opneem van wapens/strydlied/"terugveg".
- Rebelleer teen die ANC en teen die huidige demokraties verkose regering.
- Verwysings soos: Volkstaat/Orania/Verwoerd/Boeremag/Volksfront.
- Afrikanertrots/-gemeenskap/-kultuur.
- Die Afrikaner gee sigbare gestalte aan die herkoms van Afrikaners.
- Die Afrikaner herleef die passie vir sy taal.
- Polities-ideologiese gevare.
- Messianisme/die "messias-figuur".
- Die liedjie kan gekaap word deur 'n minderheid van regsgerigtes.
- Die Afrikaner beskik nie oor die vermoë om aan te pas nie.
- *De la Rey* spreek tot die een of ander dimensie van die psige van die Afrikaner.
- Die *De la Rey*-lirieke is op werklike kenmerke van Generaal De la Rey gebaseer.
- *De la Rey* is nie 'n politieke toespraak of beweging nie, dit is 'n "song".

Gedurende genoemde tydperk het óf Bok van Blerk self óf een van sy medeskrywers van die liedjie, naamlik Sean Else en Johan Vorster, verskeie standpunte gestel waarvan die essensie soos volg saamgevat kan word:

- Die liedjie is nie 'n verskuilde oproep om wapens om te neem nie.
- *De la Rey* is nie 'n politiekgeïnspireerde lied nie, maar wel 'n pro-kultuurlied.
- Die liedjie kan nie met die ou landsvlag vereenselwig word nie.
- Dit gaan in die liedjie oor menswees met die Anglo-Boereoorlog as sentrale tema (Bylaag A).

Hierbo is aspekte aangedui van die menings van sommige Suid-Afrikaners oor die redes waarom *De la Rey* so besonder gewild is, of nie gewild behoort te wees nie. Dit kan, afhangende van die invalshoek waaruit dit onder die loep geneem word, as byvoorbeeld interessant, veelseggend, sinryk, waardeloos, oorvereenvoudig of selfs absurd beskou word. Dit is nou maar eenmaal so dat die mens se omskrywing van verskynsels in sy leefwêreld en byvoorbeeld sy evaluering daarvan bloot 'n funksie is van die "lens" waardeur sodanige verskynsels waargeneem word.

Vanuit 'n retoriese kommunikasiekundige perspektief beskou, gee die *De la Rey*-debat aanleiding tot allerlei vrae rondom die retoriese handeling wat in *De la Rey* vervat is. Só, byvoorbeeld, blyk die volgende vraag relevant en navorsingswaardig te wees: Watter argumente en/of waardes in die *De la Rey*-lirieke dra daartoe by dat dit oor so 'n enorme oorredingskrag beskik? Die navorser wat in die humaniora deurknee is en wat vanuit 'n interpretatiewe navorsingsbenadering in antwoorde op aspekte van genoemde vraag geïnteresseerd is, bevind hom/haar uiteraard op die terrein van retoriese kritiek as vorm van tekstuele analise. Alle vorme van retoriese kritiek op sosiale of simboliese werklikhede is, soos uit die volgende oriënterende opmerkings duidelik word, fundamenteel in die een of ander retoriese teorie ingebed.

### **RETORIESE KRITIEK**

Retoriese kritiek behels 'n sistematiese metode vir die beskrywing, ontleding, interpretasie en evaluering van die oorredingskrag van boodskappe wat in tekste ingebed is (Frey, Botan & Kreps 2000: 229). Die plek wat retoriese teorie in hierdie navorsingsmetode inneem, spreek duidelik uit Borchers (2006: 8) se omskrywing van retoriese kritiek as die proses waarin retoriese teorie gebruik word ten einde retoriese praktyk te verstaan en te evalueer, en toekomstige retoriekteorie te genereer. Ivie (1995: 138) stel uitdruklik dat die uitvoering van retoriese kritiek slegs moontlik is as voordeel getrek word uit 'n retoriese teorie wat duidelik maak waarvoor om in die sosiale praktyk op die uitkyk te wees, wat om daarvan te dink en of dit as betekenisvol beskou kan word.

Navorsers wat aan die hand van retoriese kritiek 'n aspek of aspekte van oorredingshandeling in byvoorbeeld 'n politieke mededeling, 'n situasiekomedie, 'n

film, 'n preek, 'n toneelstuk, of 'n liedjie (soos *De la Rey*) wil bestudeer, het 'n verskeidenheid retoriese kritiekvorme tot sy/haar beskikking. Wat Westerse retoriekenke betref, kan byvoorbeeld tussen historiese, Neo-Aristoteliaanse, genre-, dramatisiese, metaforiese, narratiewe, fantasietema- en feministiese kritiek onderskei word. Die bepaalde teorie waarop elk van hierdie retoriese kritiekbenaderings gebaseer is, behels, soos reeds geïmpliseer, eiesoortige fokuspunte, vakwetenskaplike oriëntasies en terminologie.

Normaalweg stel retorici, aldus Foss (1989; aangehaal deur Frey *et al.* 2000: 231), drie algemene, onderling verbonde navorsingsvrae, nl.: (a) Wat is die verhouding tussen die teks en sy konteks? Hierdie vraag plaas die aandag op hoe die elemente van 'n sosiale konteks soos tyd, plek en geleentheid die produksie van ooredingskommunikasie beïnvloed. (b) Hoe konstrueer 'n teks realiteit vir boodskapontvangers? Met ander woorde, hoe beïnvloed ooredingsboodskappe ontvangers se voorstelling van die realiteit? (c) Wat suggereer die teks omtrent die mededeler? In hierdie vraag gaan dit dus oor hoe die motiewe, persoonlikheid en ander kenmerke van die mededeler die konstruksie van sy/haar ooredingsboodskap beïnvloed.

In die lig van die voorgaande opmerkings oor die *De la Rey*-debat sowel as onder meer die plek van teorie in retoriese kritiek, word daar in hierdie oorsigtelike bespreking probeer om op grond van Fisher (1987) se narratiewe kommunikasieteorie 'n teoretiese vertrekpunt vir 'n narratiewe kritiekbeskouing oor die ooredingsimpak van die *De la Rey*-lirieke te identifiseer. Dit verdien duidelikheidshalwe eksplisiet vermeld te word dat daar nie in hierdie bespreking aan 'n metode vir retoriese kritiek aandag geskenk word nie. Dit gaan bloot om die daarstelling van 'n teoretiese vertrekpunt om die retoriese handeling in *De la Rey* op 'n narratiewe wyse te analiseer. So benader, word egter toegegee, soos later aan die lig kom, dat aspekte van Fisher (1987) se teorie as sodanig bruikbaar is om die narratiewe rasionaliteit van die liriekdeel van *De la Rey* te assesseer.

Die relevansie wat Fisher (1987) se teorie met betrekking tot *De la Rey* het, spreek alreeds duidelik wanneer daarop gelet word dat Fisher (1987: xi) in die voorwoord van sy boek oor die narratiewe teorie skryf dat die boek antwoorde op die volgende vrae voorstel:

- (1) Hoe gebeur dit dat mense op grond van kommunikatiewe ervaring oortuig word, en handel?
- (2) Wat is die aard van rede en rasionaliteit in hierdie ervarings?
- (3) Wat is die rol van waardes in menslike besluitneming en handeling?
- (4) Hoe kan rede en waardes geassesseer word?

Fisher (1987: xi) is van die oortuiging dat heersende, antieke, moderne en kontemporêre teorieë oor menslike kommunikasie nie genoemde vrae toereikend beantwoord nie. Die rede vir hierdie onvoldoendheid is dat die rol van waardes in die konstituering van kennis, waarheid of werklikheid in die algemeen ontken word.

## **DIE KOMPONENTE VAN FISHER SE NARRATIEWE TEORIE VAN DIE RETORIEK**

### **Inleiding**

Volgens Littlejohn en Foss (2005: 18-23) bestaan 'n teorie uit vier basiese elemente, naamlik (1) aannames, (2) konsepte, (3) verduidelikings en (4) beginsels. Nie alle teorieë sluit al vier die elemente in nie.

Ten einde enige teorie in so 'n mate te kan verstaan dat vertrekpunte vir die toepassing daarvan in die kommunikasiepraktyk geïdentifiseer kan word, is 'n begrip van die basiese onderliggende aannames daarvan 'n noodsaaklike voorvereiste. In dié verband kan in die eerste plek verwys word na filosofiese aannames oor byvoorbeeld die essensie van menslike bestaan, die aard van die werklikheid waarin die mens hom bevind en die bestaan, al dan nie, van 'n universele werklikheid. Tweedens kan verwys word na byvoorbeeld die aard van kennis en hoe dit verkry kan word, die wyse waarop die wêreld verstaan kan word en die rol wat waarneembare getuienis en/of intuïsie in die bepaling van kennis speel. Dertens kan verwys word na die rol van waardes in onder meer waarneming, teoretisering en navorsing.

Genoemde en talle ander verbandhoudende aannames word normaalweg aan die hand van drie terme onderskei, naamlik (1) ontologie (vrae oor bestaan), (2) epistemologie (vrae oor kennis) en (3) aksiologie (vrae oor waardes). Dit spreek vanself dat dit juis die filosofiese aannames van 'n teorie is wat die vertrekpunt vir navorsing (of bloot vir 'n beskouing oor allerlei verskynsels) vanuit 'n bepaalde teoretiese invalshoek daarstel. Konsepte, m.a.w. terme en omskrywings, gee 'n aanduiding van waarop daar in 'n teorie gelet word en wat as belangrik beskou word. Verduidelikings is stellings oor hoe die veranderlikes met mekaar verband hou, dit wil sê hoe konsepte met mekaar verbind is. Beginsels behels riglyne wat mense daartoe in staat stel om gebeure te interpreteer, oordele uit te spreek oor wat gebeur en te besluit oor hoe om in die situasie op te tree (Littlejohn & Foss 2005: 21-23).

Hierdie bespreking van Fisher se narratiewe teorie (voortaan NT) is op Fisher (1973; 1978; 1980; 1984; 1985a; 1985b; 1987; 1989) se werk gebaseer. Daar word egter ook by aspekte van die beskouing van Cragan en Shields aangesluit (1995). Hierdie twee kommunikasiekundiges is toonaangewende akademiese denkers en praktisyns op die gebied van die toepassing van simboliese teorieë in kommunikasienavorsing.

Dit is veral die wyse waarop Cragan en Shields (1995) die aannames van die NT indeel en die onderskeid wat hulle tussen basiese, strukturele en evaluatiewe konsepte van teorieë tref, wat vir hierdie bespreking relevant is. Basiese konsepte verwys na die ontledingseenhede wat vanuit die perspektief van 'n bepaalde teorie in kommunikasieverskynsels en -artefakte waargeneem en ontdek moet word. Aangesien die NT 'n simboliese teorie is, vorm simboliese feite (wat in waardebelaaide stories vervat is) die eenhede vir ontleding.

Strukturele konsepte voorsien die bloudruk, ontwerp, vorm of superstruktuur van die entiteit wat deur die teorie onder waarneembare fokus gebring word. Anders gestel:

Strukturele konsepte help om die realiteit (waargenome kommunikasieverskynsels) te omvorm wanneer 'n bepaalde teorie gebruik word. 'n Evaluatiewe konsep voorsien 'n gids of middel vir die assessering van 'n narratiewe teks, asook 'n lens om te bepaal of die proses wat deur die teorie beskryf word, voorkom in die kommunikasieverskynsels wat bestudeer word. Dit is dus die konsepte wat die navorser moet gebruik om die bruikbaarheid van die NT in die oplossing van probleme te evalueer (Cragan & Shields 1995: 20-25, 34-35, 69, 95-107).

In die hieropvolgende beknopte bespreking van die sogenaamde elemente van die NT word, om praktiese redes, slegs aan enkele aannames en konsepte aandag geskenk. So benader, word opmerkings oor verduidelikings en beginsels, waar dit duidelikheidshalwe nodig blyk te wees, onder genoemde twee kategorieë ingesluit.

### **Filosofiese aannames van die NT**

Die NT is op vyf filosofiese aannames gebaseer, waarvan drie ontologies, een epistemologies en een aksiologies is:

- (1) [Ontologies] Mense is wesenlik storievertellers (Fisher 1985b: 75, 1987: xi, 5, 62, 64). Hy gebruik die term *homo narrans* om die basiese aard van die mensheid aan te dui. Hierdie mensbeskouing, stel hy voor, moet by metafore soos *homo faber*, *homo economicus*, *homo politicus*, *homo sociologicus*, *homo sapiens* en ook die mens as psigologiese of geestelike of rasonele wese gevoeg word (Fisher 1984: 6).
- (2) [Aksiologies] Alle vorme van menslike kommunikasie moet fundamenteel as stories beskou word, met ander woorde, simboliese interpretasies as aspekte van die wêreld wat in tyd afspeel en deur geskiedenis, biografie, kultuur en karakter gevorm word (Fisher 1987: xi, 49; 1989: 57).
- (3) [Ontologies] Geïndividualiseerde diskoersvorme behoort beskou te word as "goeie redes", waardes of waardebelaaide regverdiging om op sekere wyses te glo of op te tree (Fisher 1987: xi).
- (4) [Ontologies] Alle menslike wesens (wat nie verstandelik ingeperk is nie) besit 'n narratiewe logika wat hulle gebruik om menslike kommunikasie mee te assesser (Fisher 1987: xi, 67). Die mens is dus daartoe in staat om tussen onder meer goeie en slegte en aanvaarbare en onaanvaarbare stories te kan onderskei. Trouens, die mens beskik oor die natuurlike vermoë om die samehang en getrouheid van die stories wat hulle vertel en ervaar, te herken (Fisher 1987: 24).
- (5) [Epistemologies] Die wêreld soos die mens dit ken, is 'n versameling stories waaruit mense moet kies ten einde die lewe in 'n proses van voortdurende herskepping te leef (Fisher 1987: 5, 65). Met ander woorde, soos Cragan en Shields (1995:96) hierdie aanname interpreteer — mense skep realiteit deur versamelings stories.

### **Die basiese konsepte van die NT**

Die NT behels drie verskillende soorte eenhede vir ontleding (data), nl: vertelling/storie, logiese redes en goeie redes (vgl. Cragan & Shields 1995: 98).

#### *Vertelling of storie*

Vir Fisher (1987: 58) dui die begrip *narration*, wat in hierdie bespreking as vertelling of storie vertaal word, op simboliese handeling — woorde en/of dade — wat opeenvolging en betekenis het vir diegene wat dit leef, skep of interpreteer. Met ander woorde, 'n vertelling/storie behels kommunikasiegebeure waaraan boodskapontvangers betekenis toeskryf. Fisher (1989: 55) onderskei tussen drie soort vertellings. Die eerste soort behels geïndividualiseerde vorme soos die vertelling van staaltjies of die daarstelling van 'n persoonlike beskrywing. Die tweede soort handel oor generiese vorme soos argumentasie. Die derde soort verwys na 'n konseptuele raamwerk vir 'n begrip van menslike besluitneming, diskoers en handeling.

Om die *De la Rey*-lirieke as 'n storie te beskou, beteken dat 'n evaluering daarvan aan die hand van die onderdele van 'n storie plaasvind. 'n Storie bevat onder meer karakters, 'n plek waarin die gebeure afspeel, 'n intrige en 'n tema of boodskap (Rowland 2005: 132). Uiteraard is sommige stories beter as ander in die sin dat hulle as meer samehangend en “waar” waargeneem word, byvoorbeeld wat betref die rasonale en waardegeoriënteerde redes wat daarin vervat is (Fisher 1987: 68).

#### *Redes (logiese redes en goeie redes)*

Die begrip redes verwys na die dryfvere vir handeling, beslissings, besluite of oortuigings. Fisher (1987: 143) stel dat redes deur middel van 'n verskeidenheid geïndividualiseerde diskoersvorme of uitvoeringe uitgedruk kan word. Dit kan in en deur argumente, metafore, mites, gebare en ander maniere waarop kommunikatiewe verhoudings geskep word, voorkom.

- Logiese redes

Die begrip *logiese redes* word in die tradisionele retoriek-sin van die woord gebruik. Dit het dus betrekking op onder meer bewysgronde vir redenering, bewyslewering en die rol van argumentering in die samelewing (Fisher 1978: 379; 1987: 108).

- Goeie redes

Goeie redes behels die waardebelaaide aspekte van 'n storie. Volgens Fisher (1985a: 350; 1987: 48, 89, 107) is *goeie redes* elemente wat regverdiging voorsien vir die aanvaarding van of vasklewing aan die advies wat deur enige vorm van kommunikasie wat as retories beskou kan word, aangemoedig word (vgl. Fisher 1980: 127).

### **Strukturele konsepte van die NT**

Daar kan 'n minimum van vier strukturele konsepte in die NT onderskei word, naamlik: karakter, intrige, moralistiese mites en materialistiese mites.



### *Karakter*

Fisher (1987: 47, 75, 88) is van die oortuiging dat karakter in alle stories sentraal staan. Die geloofwaardigheid van 'n storie word bepaal deur die kenmerke van die mededeler en die karakter(s) wat daarin voorkom. Wat die mededeler betref, kan byvoorbeeld op grond van kennis van sy of haar karakter en werklike ervaring bepaal word of sy of haar storie samehang vertoon en waar klink. Die bepaling van 'n persoon se karakter word gevorm op grond van die interpretasie van die persoon se besluitnemings en handeling wat waardes reflekteer. Karakter kan dus, soos Fisher (1987: 47) dit stel, “beskou word as 'n georganiseerde stel aksionele geneigdhedes” (ons vertaling). Dit kan ook as 'n veralgemeende persepsie van 'n persoon se fundamentele waardeoriëntasie beskou word (Fisher 1987: 148). Die konsekwenheid van karakter en handeling dra tot die narratiewe waarskynlikheid van 'n storie by (sien ook opmerkings oor Narratiewe waarskynlikheid/ samehang).

### *Intrige*

Die intrige is die reeks gebeurtenisse en situasies in 'n storie. Op 'n bepaalde vlak beskou, dui die begrip intrige bloot op die handeling van die karakters. Vir Fisher (1987: 144) speel sodanige handeling altyd in 'n historiese, situasionele en biografiese konteks af.

### *Moralistiese en materialistiese mites*

Fisher (1985b: 87; 1987: 19) voer aan dat alle vorme van menslike kommunikasie deurdrenk is van mites, d.w.s. idees wat nie geverifieer of op enige absolute wyse bewys kan word nie. Sulke idees kom in metafore, waardes, gebare, ens. voor. Die mees meeslepende, oordedende stories is mities van aard, dit wil sê stories wat “openbare drome”, wat byvoorbeeld betekenis aan die lewe gee, weerspieël (Fisher 1987: 76, 183; 1982: 304). In sy bespreking van die rol van mites in retoriese transaksies onderskei hy tussen moralistiese en materialistiese mites (vgl. bv. Fisher 1973: 161-162; 1987: 152, 188).

- *Moralistiese mites*

Die begrip “moralistiese mite” het onder meer op broederskap betrekking. Dit behels waardes soos verdraagsaamheid, liefdadigheid, vertroubaarheid, liefde, regverdigheid en respek vir die waardigheid van elke individu. Die mens is geregtig op sekere onvervreembare regte soos “lewe, vryheid en die strewe na geluk”. Die regering word aangestel om hierdie regte te beskerm (Fisher 1987: 148, 182).

- *Materialistiese mites*

Die materialistiese mite plaas 'n groot premie op werketiek en handel in meer as een opsig oor individuele sukses. Dit sluit waardes in soos genot, selfverheerliking, politieke insig, selfvertroue, mededingendheid, om die spel eerlik te speel, om moeite te doen, volharding, inisiatief en prestasie (Fisher 1973: 161; 1987: 149, 185).

### **Evaluatiewe konsepte**

Die NT bevat drie konsepte wat gebruik kan word om die bruikbaarheid daarvan in navorsing te evalueer: gehoor, narratiewe waarskynlikheid/samehang en narratiewe getrouheid. Met ander woorde, benewens die gehoor word sowel narratiewe waarskynlikheid/samehang as narratiewe getrouheid as kriteria vir die bepaling van die narratiewe rasionaliteit van 'n storie beskou (Fisher 1987: 47).

#### *Gehoor*

Fisher (1987: 187) wys daarop dat alle stories, enige vorm van retoriese kommunikasie, nie net iets oor die wêreld meedeel nie, maar ook 'n gehoor impliseer. Die gehoor se belangrikheid lê byvoorbeeld daarin dat hulle die hoofbepalers van die sukses van 'n meeslepende storie is (Fisher 1987: 124-125). Soos reeds by die bespreking oor die filosofiese aannames van die NT genoem, gaan Fisher (1987: 24) van die standpunt uit dat menslike wesens oor 'n natuurlike vermoë beskik om die samehang en getrouheid van die stories wat hulle ervaar of aan ander mense vertel, te herken. Die gehoor, wat uiteraard die boodskapontvangers van allerlei vorme verbale en nieverbale mededelings is, kan dus nie bloot as 'n groep waarnemers beskou word nie, maar is aktiewe, ononderdrukbare deelnemers aan die betekenisstelling van die storie (Fisher 1987: 72).

#### *Narratiewe waarskynlikheid/samehang*

Die begrip narratiewe waarskynlikheid, soos Fisher (1987: 88) dit stel, verwys na die formele kenmerke van 'n storie, bedink as 'n onderbroke opeenvolging van gedagtes en/of handeling in die lewe of literatuur (enige opgeneemde of geskrewe diskoersvorm). Dit gaan dus daaroor of die storie saamhang en of dit vry is van teenstrydighede, al dan nie. Die narratiewe waarskynlikheidskriteria handel vanselfsprekend hoofsaaklik oor die mate waarin 'n storie samehang vertoon, betekenis het, opsigself sin maak en vir die ontvangers as waarskynlik voorkom. Fisher (1987: 105) noem dat samehang die komponent van narratiewe rasionaliteit is wat die storie as geheel in fokus bring. Fisher (1987: 47) argumenteer dat die waarskynlikheid/gebeurlikheid van 'n storie aan drie vereistes moet voldoen, nl. strukturele, materiële en karakterologiese samehang:

- (1) Strukturele of argumentatiewe samehang het betrekking op die mate waarin die storie intern konsekwent is, m.a.w. die mate waarin die dele van die storie "bymekaar pas" en dus nie weersprekend van aard is nie.
- (2) Materiële samehang, eksterne konsekwentheid, dui op die mate waarin die storie rekenskap gee van feite wat as waar bekend staan. Hierdie samehang word bepaal deur 'n storie te vergelyk en te kontrasteer met stories wat in ander diskoerse voorkom, m.a.w. die graad waarin die storie volledig blyk te wees in terme van die gebeure wat voorheen deur ander bronne ingewin is. 'n Storie kan byvoorbeeld intern konsekwent wees, terwyl belangrike feite weggelaat word, teenargumente wat in kompeterende stories teenwoordig is, verswyg word en relevante kwessies oor die hoof gesien word.

- (3) Karakterologiese samehang verwys na die betroubaarheid van die karakters. Dit handel dus oor die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die karakters in die storie — die verteller(s) sowel as die karakters of akteurs. Kan die ontvangers daarop reken dat die karakters in die storie op 'n betroubare manier handel? Is die karakters konsekwent in hul handelinge? Watter soort keuses oefen hulle uit en wat is die aard van die waardes wat hulle huldig? Fisher (1987: 47) stel dit duidelik dat samehang in sowel die lewe as die literatuur vereis dat karakters kenmerkend optree: “Sonder hierdie soort voorspelbaarheid, is daar geen vertroue, geen samelewing, geen rasonale menslike orde nie” (ons vertaling).

#### *Narratiewe getrouheid*

Die konsep “narratiewe getrouheid” verwys na 'n storie se waarheidgetrouheid of waarheidkwaliteite (Fisher 1987: 88). Hierdie getrouheidsbeginsel by narratiewe rasionaliteit het betrekking op die geïndividualiseerde komponente van stories — of hulle akkurate verklarings omtrent die sosiale realiteit verteenwoordig en sodoende goeie redes vir oortuiging en handeling konstitueer (Fisher 1987: 105). Dit gaan dus hier oor die mate waarin die storie met die logika van goeie redes ooreenstem: die deeglikheid van beredenering en die waarde van waardes. Anders gestel: 'n Storie wat waarheidsgetrou is, bied 'n stel waardes wat as goeie redes deur die gehoor beskou word. In die lig van Fisher (1987: 47, 57) se standpunt dat 'n storie sowel *rasionele redes* (die logika van redes) as waardebelaaide *goeie redes* weerspieël, voer hy aan dat albei hierdie soorte redes in die assessering van 'n storie se waarheidgetrouheid verreken behoort te word (Fisher 1987: 108). Sowel die logika van redes as die logika van goeie redes voorsien maatstawwe vir die assessering van elemente in redenering (Fisher 1987: 113). So benader, kan bepaal word watter redes wat in die storie vervat is, regverdiging vir die ontvanger se aanvaarding of verwerping daarvan voorsien. In die lig hiervan word vervolgens aandag geskenk aan die assessering van sowel logiese of rasonale redes as die sogenaamde goeie redes.

#### **Rasonale beredenering**

Ten einde volgens Fisher (1978: 379-380; 1987: 108, 110) te kan besluit of 'n boodskap waar klink al dan nie, is daar met betrekking tot die logika van redes in 'n storie vyf aspekte waarop gelet behoort te word:

- (1) Neem in aanmerking of die stellings in die boodskap wat voorgee om “feite” te wees, inderdaad “feite” is. Met ander woorde, word die stellings deur konsensus of betroubare, kompetente getuies bevestig?
- (2) Bepaal of relevante “feite” uitgelaat is en of die “feite” wat aangebied word op enige wyse verwring of buite konteks gebruik is.
- (3) Herken en assesseer die onderskeie redenasiewyses deur hoofsaaklik van die maatstawwe van informele logika gebruik te maak. Byvoorbeeld: Is die verskillende soorte redenerings — voorbeeld, analogie, teken, oorsaak, definisie en outoriteit — terdeë in terme van byvoorbeeld aanspraakmaking gekonstrueer?

- (4) Assesseer die relevansie van die individuele argumente met betrekking tot die uitspraak (uitlegging) wat in die boodskap voorkom. Dit gaan nie hier net oor die deeglikheid van die argumente nie, maar ook oor die mate waarin al die betekenisvolle argumente wat aangewend behoort te word, geïdentifiseer is.
- (5) Oordeel of die boodskap die “werklike” kwessie in die saak direk aanspreek. Met ander woorde, skryf Fisher (1987: 109), oordeel of die boodskap aandag gee, al dan nie, aan die vrae waarom die hele saak draai of behoort te draai.

### **Assessering van die waardebelaaide redes**

Met betrekking tot die assessering van die waardebelaaide redes wat ’n rol in die bepaling van die waarheidsgetrouheid van ’n storie speel, maak Fisher (1987: 109) ook van vyf konsepte gebruik, nl: feit, relevansie, gevolg, konsekwentheid en transendentale kwessie. Die volgende vyf vrae het hierop betrekking:

- (1) Wat is die implisiete en eksplisiete waardes wat in die boodskap gereflekteer word?
- (2) Is die waardes toepaslik ten opsigte van die aard van die besluit of uitspraak waarop die boodskap betrekking het? Hierdie vraag veronderstel ook ’n bemoeienis met weggelate, verdraaide en wanvertolkte waardes.
- (3) Wat kan die gevolge wees as daar by die waardes gestaan word — vir ’n boodskapontvanger se selfkonsep, sy/haar gedrag, sy/haar verhouding met ander mense en die samelewing, en die proses van retoriese transaksie?
- (4) Word die waardes in die ontvanger se persoonlike ervaring, in die lewe en stellings van mense wat hy/sy bewonder en respekteer en in ’n voorstelling van die beste gehoor wat hy/sy kan bedink, bevestig en bekragtig? Kortom gestel: Is die waardes in ooreenstemming met die ontvanger se eie waardes, dié van diegene wat hy/sy respekteer en dié van ’n ideale gehoor?
- (5) Selfs as ’n boodskap in ’n spesifieke geval waar klink, op grond van onder meer die feit dat ’n bewyslas tot stand gebring is, kan steeds gevra word of die waardes wat daarin vervat is die ideale basis vir menslike gedrag uitmaak.

### **FISHER SE NARRATIEWE TEORIE EN RETORIESE KRITIEK:**

#### **’N NADERE VERKENNING**

Fisher (1987: 98) stel dat die NT net soos enige ander teorie oor menslike handeling daarop ingestel is om rekenskap te gee van faktore wat daartoe lei dat mense (uiteindelik) glo en optree. Hy is van oortuiging dat die NT navorsers daartoe in staat stel om van menslike gedrag rekenskap te gee op maniere wat nie deur die gebruik van teorieë en metodes uit die sosiale wetenskappe moontlik is nie, veral nie dié wat poog

om naby 'n natuurwetenskaplike paradigma te kom nie (Fisher 1987: 20). Sy hoofbeswaar is dat sosiaalwetenskaplikes se standaardteorieë, kragtens die aard van hierdie teorieë, nie die assessering van waardes verreken nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat hy met betrekking tot die waardebeplanning van stories die NT, met die klem op narratiewe rasionaliteit, op die tafel plaas (Fisher 1985a: 348; 1987: 87-89).

Vir Fisher (1987: 48) dui die konsep narratiewe rasionaliteit daarop dat dit nie die individuele vorm van argument is wat uiteindelik in diskoers oorredend is nie. Dit is wel belangrik, maar waardes is meer oorredend. Vir hom lê die nut van 'n waarde in sy relevansie, konsekwentheid en gevolge, en die mate waarin dit in die hoogste moontlike waardes gegrond is. Fisher (1987: 111) skryf: “anders gestel, 'n waarde is nie waardevol omdat dit verbind is met redes of deur 'n redelike persoon op sigself uitgedruk is nie, maar omdat dit 'n pragmatiese verskil in 'n mens se lewe en gemeenskap maak” (ons vertaling). Hy is van die oortuiging dat die finale beslissing oor wat om te glo of te doen dus deur die inspeksie van “feite”, waardes, die self en die gemeenskap gemaak word. Dit is onvermydelik 'n intersubjektiewe en pragmatiese besluit. Bowenal is dit 'n rasonale besluit (Fisher 1987: 111).

Om die retoriese handeling in die *De la Rey*-lirieke vanuit die NT te benader, beteken aan die hand van Fisher (1987: 143) se standpunt dat daar gefokus moet word op die boodskap, die geïndividualiseerde vorme wat dit konstitueer en op die betroubaarheid, vertroubaarheid en wenslikheid van wat meegedeel word. Die evaluering hiervan geskied vanselfsprekend deur van die toetse van narratiewe rasionaliteit gebruik te maak, d.w.s. die toets vir narratiewe waarskynlikheid/samehang en die twee toetse vir narratiewe getrouheid.

Deur die *De la Rey*-lirieke as 'n storie te beskou, word die kritikus in staat gestel om, soos Fisher (1987: 144) ietwat aangepas opmerk, minstens drie soorte belangrike onderskeidings te tref: (1) 'n fokus op die opeenvolgings van simboliese handeling en hul betekenis in die *De la Rey*-lirieke, (2) 'n erkenning dat die *De la Rey*-lirieke nie sonder 'n historiese, situasionele en biografiese konteks is nie en (3) 'n erkenning dat die betekenis en waarde van die *De la Rey*-lirieke beïnvloed word deur hoe dit vergelyk met ander lirieke/stories wat aan die gehoor of ander waarnemers bekend is. Voorts: Die oorredingsimpak van die *De la Rey*-lirieke word bepaal deur die mate waarin dit 'n oorredende storie is; die mate waarin dit waar is met betrekking tot die verlede, kulturele waardes verheerlik, 'n verhoogde persepsie van mense voorsien en met volkome vaardigheid aangebied word (Fisher 1987: 156). Alle goeie stories, skryf Fisher (1987: 187), funksioneer op twee wyses: Dit regverdig (of mistifiseer) besluite of handeling wat reeds gemaak of uitgevoer is en dit bepaal toekomstige besluite of handeling.

Hoewel daar in die literatuur oor oorredingskommunikasie talle vorme van kritiek teen Fisher (1987) se teorie aangetref word (vgl. bv. McGee & Nelson 1985: 140; Fisher 1989: 56), blyk dit dat sy beskouing daartoe aanleiding gegee het dat 'n groot verskeidenheid kritici en navorsers hulle tot narratiewe kritiek gewend het (Rowland

2005: 141; Cragan & Shields 1995: 255-261). Volgens Rowland (2005: 141-143) kan twee kategorieë in hierdie narratiewe kritiekuitsette onderskei word. In die eerste plek is daar kritici wat van Fisher (1987) se terminologie gebruik maak, veral die standaard van narratiewe rasionaliteit. In baie van hierdie gevalle word temas in 'n storie geïdentifiseer en dan deur die toepassing van die standaard van narratiewe rasionaliteit geassesseer. In hierdie kategorie bestaan daar ook gevalle waar die standaard van narratiewe rasionaliteit gebruik word as 'n wyse om te verduidelik waarom 'n spesifieke gehoor 'n storie as oordedend ervaar het. Tweedens is daar diegene wat 'n induktiewe benadering tot narratiewe analise ontwikkel het. In hierdie geval pas die kritikus nie 'n voorafbestaande narratiewe teorie toe nie, maar ontdek die implisiete narratiewe patroon in 'n gegewe storie.

Wat laasgenoemde opmerkings betref, moet in gedagte gehou word dat Fisher (1987) se NT nie 'n spesifieke, klinkklare retoriese kritiekmetode vir die ontleiding van retoriese tekste is nie (Fisher 1985a: 357). Dit is 'n teorie, 'n paradigma, 'n perspektief of 'n filosofiese stelling (Fisher 1985a: 357; 1989: 57) aan die hand waarvan oordedingsstekste krities in oënskou geneem kan word of byvoorbeeld die narratiewe rasionaliteit van 'n retoriese handeling soos die *De La Rey*-lirieke begryp of getoets kan word. Daar bestaan wel uitgewerkte retoriese kritiekvorms wat op Fisher (1987) se teorie gebaseer is, soos dié van Rybacki en Rybacki (1991: 108-128). Rowland (2005: 143-147) se sistematiese perspektief op narratiewe kritiek verreken ook verskeie aspekte van Fisher (1987) se teorie.

### **SLOTBESKOUIING**

In hierdie bespreking is aangevoer dat die omvangryke *De la Rey*-debat wat in die nuusmedia en ander kontekste plaasgevind het, ook vanuit 'n oordedingskommunikasiekundige invalshoek voortgesit kan word. 'n Oorsigtelike blik op die uiteenlopende redes wat deur die deelnemers aan die *De la Rey*-debat gegee word vir onder meer die sukses, oordedingsimpak, algemene meeslependheid of gevare van *De la Rey*, toon dat daar in die Suid-Afrikaanse samelewing, soos in enige samelewing die geval is, verskillende waardesisteme aan die orde is. Beskouings oor die waarheid, wenslikheid of onsinnigheid van tussenmenslike kommunikasiegebeure is gewoon die resultaat van die lens waardeur gekyk word.

Vanuit 'n retoriese kommunikasiebril/perspektief beskou, blyk dit dat Fisher (1987) se narratiewe teorie 'n bepaalde soort lig voorsien vir 'n soeke na die logiese en waardebelaaide redes wat vir die oordedingsimpak van *De la Rey* verantwoordelik is. Die navorser of kritikus wat daarin geïnteresseerd is om vanuit 'n interpretatiewe benadering wat met Fisher (1987) se teorie verband hou, 'n bydrae tot 'n groter begrip vir die buitengewone impak van die oordedingshandelinge in *De la Rey* te lewer, het een van minstens drie weë om te volg. Eerstens kan met inagneming van die filosofiese aannames en begrippe van Fisher (1987) se narratiewe teorie bepaal word of die *De la Rey*-lirieke aan die vereistes van narratiewe rasionaliteit voldoen. Tweedens kan die oordedingskrag van die *De la Rey*-lirieke aan die hand van 'n bestaande of nuut

ontwikkelde retoriese kritiekmetode wat op Fisher (1987) se narratiewe teorie gebaseer is, beskryf, ontleed, geïnterpreteer en geëvalueer word. Dordens kan Fisher (1987) se teorie, of 'n metode wat daarop gebaseer is, met een of meer van die ander retoriese kritiekbenaderings gekombineer word. En afgesien van Fisher (1987) se beskouing kan, afhangende van die navorsingsvraag wat ter sake is, ook gebruik gemaak word van enige vorm van retoriese kritiek soos die Neo-Aristoteliaanse, dramatistiese, metaforiese of fantasietema-kritiek. Laasgenoemde vorm, om met 'n enkele opmerking te volstaan, se relevansie vir 'n benadering tot die *De la Rey*-lirieke lê byvoorbeeld daarin dat dit juis ten doel het om onder meer te verduidelik hoe mense gesamentlik 'n simboliese bewustheid konstitueer wat byvoorbeeld motiewe vir handeling voorsien.

**VERWYSINGS**

- Borchers, T. 2006. *Rhetorical theory. An introduction*. California: Wadsworth.
- Cragan, J.F. & Shields, D.C. 1995. *Symbolic theories in applied communication research: Bormann, Burke, and Fisher*. Cresskill: Hampton.
- Fisher, W.R. 1973. Reaffirmation and subversion of the American dream. *Quarterly Journal of Speech* 59: 160-169.
- Fisher, W.R. 1978. Toward a logic of good reasons. *Quarterly journal of Speech* 64: 376-384.
- Fisher, W.R. 1980. Rationality and the logic of good reasons. *Philosophy and Rhetoric* 13: 121-130.
- Fisher, W.R. 1984. Narration as a human communication paradigm: The case of public moral argument. *Communication Monographs* 51: 1-22.
- Fisher, W.R. 1985a. The narrative paradigm: An elaboration. *Communication Monographs* 52: 347-367.
- Fisher, W.R. 1985b. The narrative paradigm: In the beginning. *Journal of Communication* 35: 74-89.
- Fisher, W.R. 1987. *Human communication as narration: Toward a philosophy of reason, value, and action*. Columbia: University of South Carolina Press.
- Fisher, W.R. 1989. Clarifying the narrative paradigm. *Communication Monographs* 56: 55-58.
- Foss, S.K. 1989. *Rhetorical criticism: Exploration and practice*. Prospect Heights (ILL): Waveland.
- Frey, L.R., Botan, C.H. & Kreps, G.L. 2000. *Investigating communication: An introduction to research methods*. Boston: Allyn & Bacon.
- Ivie, R.I. 1995. The social relevance of rhetorical scholarship. *The Quarterly Journal of Speech* 81: 138.
- Littlejohn, S.W. & Foss, K.A. 2005. *Theories of human communication*. United States: Wadsworth.
- McGee, M.C. & Nelson, J.S. 1985. Narrative Reason in Public Argument. *Journal of Communication* 35(4): 139-155.
- Rowland, R. 2005. The Narrative Perspective. In Kuypers, J.A (Ed). *The Art of Rhetorical Criticism*. Boston: Pearson.
- Rybacki, K. & Rybacki, D. 1991. *Communication Criticism*. California: Wadsworth.
- Van Blerk, B. 2007a. *De la Rey-webtuiste*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.bokvanblerk.co.za](http://www.bokvanblerk.co.za) [Besoek op 02/09/2007].
- Van Blerk, B. 2007b. *De la Rey-webtuiste*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.bokvanblerk.co.za](http://www.bokvanblerk.co.za) [Besoek op 22/07/2007].



**BYLAAG A****'n Seleksie van mediaberigte oor *De la Rey* vanaf Oktober 2006 tot Julie 2007, verskaf deur SA Media, Universiteit van die Vrystaat**

*Afrikaner*. 2007a. Kulturestryd op sy hewigste. 8 Maart: 2.

*Afrikaner*. 2007b. Wêreld bewe al vir De la Rey. 8 Maart: 10.

**Alberts, P.** 2006. Beledigende sotheid. *Volksblad*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2006/12/09/VB/8/bok.html> [Besoek op 08/12/2006].

**Andrew, K.** 2007. Afrikaners protecting identity. *Citizen*, 27 Februarie: 13.

**Azzakani, R.** 2007b. Zuma kom weer op vir 'De la Rey'. *Beeld*, 18 April: 4.

*Beeld*. 2007. De la Rey. 9 Februarie: 14.

**Bezuidenhout, A.** 2007. From Voëlvry to De La Rey: Popular music, Afrikaner Nationalism and lost irony. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.litnet.co.za> [Besoek op 05/05/2007].

**Coetzee, G.** 2007. Die da-da-da refreine in SA musiek. *Volksblad*, 21 Julie: 21.

*Daily Dispatch*. 2007. De la Rey rides again. 10 Maart: 12.

**De la Rey and impi.** 2007. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.pickledbushman.com> [Besoek op 05/05/2007]

**De Vries, F.** 2007. He's Bok to stir kak in London. *The Weekender*, 18 Maart: 8.

**Die De la Rey-seminaar.** 2007. [Aanlyn]. Herwin van [www.LitNet.com](http://www.LitNet.com) [Besoek op 12/02/2007].

**Du Plessis, T.** 2006. Aardklop shows Afrikaners are restless. [Aanlyn]. Herwin van <http://www.businessday.co.za/articles/topstories.aspx?ID=BD4A281925> [Besoek op 03/10/2006].

**Eybers, T. & Vos, U.** 2007. Song takes SA by storm. *Citizen*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.citizen.co.za](http://www.citizen.co.za) [Besoek op 02/01/2007].

**Fitzpatrick, M.** 2007a. Van Blerk boos oor media nie sy 'fans' uitlos. *Beeld*, 26 Februarie: 5.

**Fitzpatrick, M.** 2007b. Bok sê die regte boodskap moet uit. *Volksblad*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.news24.com](http://www.news24.com) [Besoek op 19/02/2007].

**Gerber, J.** 2007. Sakeman wil De la Rey se borsbeeld in SA hou. *Volksblad*, 26 Januarie: 3.

**Gerber, J., Schoeman, L. & Williamson, E.** 2007. Bok blêr nie politiek. *Burger*, 25 Januarie: 14.

**Goosen, D.** 2007a. FAK bly oor 'De la Rey' vir skeppende Afrikaner. *Beeld*, 26 Januarie: 12.

**Goosen, D.** 2007b. Verskille oor wat 'Afrikaner' nou is. *News24*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.news24.com/Die\\_Volksblad/Nuus/0,8523,5-83\\_2071911,00.html#](http://www.news24.com/Die_Volksblad/Nuus/0,8523,5-83_2071911,00.html#) [Besoek op 20/02/2007].

**Goosen, D.** 2007c. Geen links en regs om genl. De la Rey. *Volksblad*, 26 Januarie: 8.

**Grobbelaar, R.** 2007. 'Almal is generaals'. *Beeld*, 12 Februarie: 3.

- Grobler, W.** 2007. De La Rey lives again. [Aanlyn]. Herwin van: [www.cartelblanche.mnet.co.za](http://www.cartelblanche.mnet.co.za) [Besook op 05/05/2007].
- Groenewald, Y.** 2007. De la Rey – is it just a song? *Mail & Guardian*. 24 Mei: 17.
- Hattingh, J.** 2006. Steeds lief vir jou, Koos. *Volksblad*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://Published/Volksblad/2006/12/12/VB/Texts/grys.xml> [Besook op 12/12/2006].
- Jackson, N.** 2007a. ‘De la Rey’ omgeskryf vir die hemelse Generaal. *Beeld*, 26 Januarie: 5.
- Jackson, N.** 2007b. Suid-Afrikaners ‘het `n hemelse Generaal nodig’. *Volksblad*, 26 Januarie: 9.
- Johnston, S.** 2007. Nou moet Bok self by skool kom sing. *Beeld*, 15 Maart: 7.
- Kenny, A.** 2007. Afrikaners protecting identity. *Citizen*, 27 Februarie: 13.
- Kombuis, K.** 2006. Bok se liedjie raak hom diep. [Aanlyn] Herwin van: <http://www.Volksblad/2006/12/06/VB/Texts/jrkoosk.xml>. [Besook op 06/12/2006].
- Krog, A.** 2007. De La Rey: Afrikaner absolution. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.mg.co.za> [Besook op 05/05/2007].
- Lamprecht, L.** 2006. MK89 deel pryse uit. *Volksblad*, 07 Desember: 12.
- Landman, R.** 2007. De la Rey lives again. *Carte Blanche*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.cartelblanche.mnet.co.za](http://www.cartelblanche.mnet.co.za) [Besook op 25/05/2007].
- Laurence, P.** 2007. De la Rey rhyme leads to no clear reason. *Sunday Independent*, 11 Maart: 4.
- Maas, D.** 2007. Kinders van die revolusie. *Burger*, 10 Maart: 5.
- Mail and Guardian*. 2007a. De la Rey: Afrikaner absolution. 04 April:23.
- Mail and Guardian*. 2007b. Die Bokkie: another broken record. 29 Maart: 31.
- Malan, C.** 2007. *Die held is dood, lank lewe die held*. 14 Januarie:1
- Mpondo, S.** 2007. De la Rey moet nie deur rassiste gekeer word. *Volksblad*, 13 Februarie: 3.
- Mulder, P.** 2007a. Reaksie op ‘De la Rey’ bepaal deur elkeen se politieke verlede. *Beeld*, 7 Februarie: 16.
- Mulder, P.** 2007b. Wat is dit dan met De la Rey? *Volksblad*, 12 Februarie: 7.
- Nieuwoudt, S.** 2007. Rwandese volksmoord en ‘De la Rey’. *Beeld*, 10 Mei: 9.
- Nuwe generasie ‘joiners’ trap nou op Afrikaner.** 2007. *Burger*, [Aanlyn]. Herwin van: <http://152.111.1.25/argief/berigte/dieburger>. [Besook op 02/06/2007].
- Prins, G & Burger, K.** 2007. ‘Ek’s g`n miljoenêr na treffer’, sê Bok. *Rapport*, 13 Mei:3
- Pretoria News*. 2007. Some advice for Agriforum, 22 Februarie: 11.
- Rajaa, A.** 2007. Zuma kom weer op vir ‘De la Rey’. *Beeld*, 18 April:4
- Rapport*. 2007. Laat ons inklusief ons helde besing. 25 Maart: 20.
- Raubenheimer, C.** 2006. Bok val byna sy blêr(k) af. *Volksblad*, 10 November: 3.

- Roodt, D.** 2007. Wie sal ons nou lei? Nie Antjie nie. *Mail and Guardian*, 19 April: 22.
- Rossouw, M.** 2007. Die Generaal en 'musikale Messianisme' *Volksblad*, [Aanlyn]. Herwin van: <http://Volksblad/Joernaal/2007/02/16/NJ/Texts/klankdig16Feb.xml> [Besoeek op 16/02/2007].
- Saru het nie na hele CD van Bok geluister nie.** 2007. *Burger*, [Aanlyn]. Herwin van: <http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger> [Besoeek op 02/06/2007].
- Scheepers, M.** 2007. Bok sê aikona vir ou landsvlag en 94.7. *Beeld*, 1 Februarie: 1.
- Scheepers, M.** 2007a. Sies, Koos Kombuis, die vergelyking is afstootlik. *Volksblad*. [Online]. Herwin van: <http://Published/Volksblad/2006/12/09/SV/Texts/balkon.xml> [Besoeek op 09/12/2006].
- Scheepers, M.** 2007b. 'De la Rey' galop met superverkope. *Die Burger*, [Aanlyn]. Herwin van: [www.dieburger.com](http://www.dieburger.com) [Besoeek op 16/02/2007].
- Schoeman, L.** 2007. O, om Boer te wees. *Burger*, 13 Januarie: 6.
- Scholtz, L.** 2006. De la Rey dui op iets groters. *Beeld*, 5 Desember: 14.
- Scholtz, L.** 2007. Brandpunt. *Volksblad*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2006/12/08/VB/10/delarey.html> [Besoeek op 20/02/2007].
- Schutte, F.** 2007. Boere gatvol oor veralgemenings. *Volksblad*, 08 Januarie: 9.
- Smith, A.** 2007a. FAK sien rooi in 'De la Rey'-debat. *Beeld*, 8 Februarie: 2.
- Smith, A.** 2007b. Pallo sê: voorspoed met 'De la Rey' – maar maan ook oor regsies. *Beeld*, 7 Februarie: 1.
- Smith, C.** 2007c. De la Rey makes it in Big Apple. *News24*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.wheels24.co.za](http://www.wheels24.co.za) [Besoeek op 05/05/2007].
- Smith, C.** 2007d. 'De la Rey' het nou selfs al die VSA aan't praat. *Beeld*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.news24.co.za](http://www.news24.co.za) [Besoeek op 09/03/2007].
- Smith, S.** 2007. *Buitelandse beeld: De Wet, sal jy Yanks loop red?* [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.news24.com/Beeld/Opinie/Rubrieke> [Besoeek op 09/03/2007].
- Star.** 2007a. Arts department defends Bok's free-speech rights. 7 Februarie: 11.
- Star.** 2007b. Revisiting our cultures. 05 Februarie: 8.
- Steyn, J.** 2006. Nie meer so gedwee. *Volksblad*, 8 Desember: 8.
- Strauss, P.** 2007. De la Rey, De la Rey ... *Volksblad*, 24 Januarie: 8.
- Van Blerk, B.** 2007a. *De la Rey* webtuiste. [Aanlyn]. Herwin van: [www.bokvanblerk.co.za](http://www.bokvanblerk.co.za) [Besoeek op 09/02/2007].
- Van Blerk, B.** 2007b. *De la Rey* webtuiste. [Aanlyn]. Herwin van: [www.bokvanblerk.co.za](http://www.bokvanblerk.co.za) [Besoeek op 22/07/2007].
- Van der Leek, N.** 2007. *De La Rey: Afrikaner Heritage: [Opinion] How a simple song inspired white South Africans.* [Aanlyn]. Herwin van: <http://english.ohmynews.com> [Besoeek op 05/05/2007].

- Van der Merwe, H.** 2007. Bohaai in wetgewer toe Boshoff uit 'De la Rey' aanhaal. *Beeld*. 18 Junie: 2.
- Van Niekerk, J.** 2007. *Dankie Bok, en ons skaam ons vir Koos*. 07 Desember: 10.
- Van Niekerk, P.** 2007. Generation in search of a leader. *The Herald*, 28 Februarie: 6.
- Van Vuuren, M.** 2007. De la Rey te omstrede en negatief vir Saru. *Rapport*, 3 Junie: 8.
- Van Wyk, S.** 2007. Bok lyk moeg vir De la Rey-bohaai. *Volksblad*, 19 Februarie: 4.
- Volksblad.** 2006a. Internasionale Lughawe O.R.Tambo heet nou skielik De la Rey. 07 November: 2.
- Volksblad.** 2006b. Bok se liedjie raak hom diep, sê Koos Kombuis. 06 Desember: 18.
- Volksblad.** 2006c. Die fyner kuns van openbare diskoers. 11 Desember: 1.
- Volksblad.** 2007b. As die bal reg wip . . . 26 Januarie: 8.
- Volksblad.** 2007c. De la Rey se kode. 9 Februarie: 8.
- Volksblad.** 2007d. Ons soek net ons eie Mandela of Biko. 13 Februarie: 8.
- Williamson, E.** 2006. De la Rey 'gee nuwe identiteit vir Afrikaner'. *Volksblad*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://Published/Volksblad/2006/12/12/VB/Texts/grys.xml> [Besoek op 12/12/2006].
- Williamson, E.** 2007. Bok is glo te omstrede vir advertensie in rugby-tydskrif. *Beeld*, 1 Junie: 3.
- Zietsman, E.** 2007. Letters. *Mail & Guardian*, 24 Mei: 17.

**BYLAAG B*****De la rey-lirieke***

Op 'n berg in die nag  
 lê ons in die donker en wag  
 in die modder en bloed lê ek koud,  
 streepsak en reën kleef teen my  
 en my huis en my plaas tot kole verbrand sodat hulle ons kan vang,  
 maar daai vlamme en vuur brand nou diep, diep binne my.

*De la Rey, De la Rey* sal jy die Boere kom lei?  
*De la Rey, De la Rey*  
 Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val.  
 Generaal *De la Rey*.

Oor die Kakies wat lag,  
 'n handjie van ons teen 'n hele groot mag  
 en die kranse lê hier teen ons rug,  
 hulle dink dis verby.

Maar die hart van 'n Boer lê dieper en wyer, hulle gaan dit nog sien.  
 Op 'n perd kom hy aan, die Leeu van die Wes Transvaal.  
*De la Rey, De la Rey* sal jy die Boere kom lei?  
*De la Rey, De la Rey*  
 Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val.  
 Generaal *De la Rey*.

Want my vrou en my kind lê in 'n kamp en vergaan,  
 en die Kakies se murg loop oor 'n nasie wat weer op sal staan.  
*De la Rey, De la Rey* sal jy die Boere kom lei?  
*De la Rey, De la Rey*  
 Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val.  
 Generaal *De la Rey* (Van Blerk 2007a: 1)